# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 19 17 Mei 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 17 MEI – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeelte:** Prediker 3
**Teksvers:** Prediker 3:11
**Tema:** Doop: Lewe met vertroue in God se tyd en ewige doel!

Die lewe van die mens word gekenmerk deur tyd wat God geskep het en waarin alles ’n vasgestelde begin en einde het. Volgens Prediker 3 is daar vir alles ’n tyd, en die mens ervaar hierdie tyd dikwels as beperk, broos en vol verganklikheid. Sonde het hierdie ervaring van tyd gebreek en dit lei tot pyn, verlies en dood, waardeur die mens vasgevang voel in ’n siklus van verganklikheid. Tog gryp God in deur sy Seun, Jesus Christus, wat in die volheid van tyd gekom het, gesterf en opgestaan het om sonde, dood en tyd se finale mag te oorwin. Deur Hom ontvang gelowiges die ewige lewe en ’n nuwe perspektief op tyd, met hulle gedagtes gerig op die dinge daarbo. Daarom leef ons met vertroue in God se tyd en sy ewige doel. In die Woordverkondiging let ons op:

1. VASGEVANG in ons tyd;
2. Christus BETREE in ons tyd;
3. Christus GEE aan ons die ewigheid.

## BYBELSKOOL SONDAG 17 MEI – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel - Profete: Jeremia en Klaagliedere

Jeremia en Klaagliedere wys God se hart en sy oordeel oor sonde. In Jeremia waarsku God sy volk deur die profeet Jeremia om hulle van afgodediens en ongeregtigheid te bekeer, anders sal Jerusalem val. Hy ly, maar bly getrou en verkondig ook hoop: God belowe ’n nuwe verbond waar Hy sy wet in mense se harte sal skryf. Klaagliedere beskryf die pynlike vernietiging van Jerusalem en die volk se rou oor hulle ongehoorsaamheid. Tog eindig dit nie in wanhoop nie, maar in herinnering dat God se trou en genade steeds bestaan. Saam leer hierdie boeke dat sonde ernstige gevolge het, maar dat bekering, God se barmhartigheid en sy getroue liefde altyd ’n pad terug na hoop en herstel oopmaak vir sy volk.

## SONDAG 17 MEI 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Expando en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte 24 Mei is na die oggenddiens vir die Teologiese studente en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Tanya van den Berg
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 13 – Oudl. Fanie du Plessis
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Carien du Plessis
  Katkisasie: les 12

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 18 TOT 24 MEI 2026

**Woensdag 20 Mei**
09:00 Korrektiewe Dienste
**Donderdag 21 Mei**
10:00 Bybelstudie: Koningskindersgroep
11:00 Bybelstudie: Mannagroep
15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Hannetjie Harris; Groep B olv sr Rita Strauss
**Vrydag 22 Mei**
09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Hannetjie Harris; Groep B olv sr Rita Strauss
**Sondag 24 Mei**
Pinkstersondag

## DIENSBEURTE SONDAG 24 Mei 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Rentia Koch
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 16 – Oudl. Vakant
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Rina Aucamp
- Katkisasie: les 13

## VAN HUIS TOT HUIS

<u>**Gelukwense:**</u>
**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

***18 Mei***
- Sr Lina Linde (082 926 8544) Wyk 37
- Sr Lucia Potgieter (072 497 3129) Wyk 23

***24 Mei***
- Br Kotie Smith (072 990 1342) Wyk 37

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

***17 Mei***
- Sr Lorinda Rossouw (064 947 0192) Wyk 34

***19 Mei***
- Br Sarel Joubert (081 046 6030) Wyk 32

***20 Mei***
- Br Wayne Barkhuizen (064 904 4976) Wyk 26
- Jsr Erika Potgieter (064 683 5783) Wyk 13

***21 Mei***
- Sr Marina Spoelstra (+316 3940 027) Wyk 8
- Br Jannie van der Schyff (083 995 0380) Wyk 5

***22 Mei***
- Sr Anne-Marie de Swardt (071 481 0265) Wyk 2

***23 Mei***
- Sr Sunet Hansen (083 307 3853) Wyk 26
- Br Johan Henning (082 418 9942) Wyk 21

***24 Mei***
- Sr Lorraine Gravett (083 327 1629) Wyk 39

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik.**

***18 Mei***

- Br Cor en sr Corry Faling (083 628 8874) Wyk 21 met hul 58ste herdenking.

***19 Mei***

- Br Marthinus en sr Corné Schutte (084 244 8277) Wyk 10 met hul 18de herdenking.

***22 Mei***

- Br Rudolf en sr Tina Jacobs (076 504 1842) Wyk 6 met hul 5de herdenking.

***24 Mei***

- Br Carl en sr Lorinda Rossouw (076 143 2201) Wyk 34 met hul 7de herdenking.

**Lief en Leed**

Ons dink in ons voorbidding aan die volgeende lidmate:

- Br Manie Erasmus (071 479 7936) Wyk 11 is nog steeds in ʼn bestendige toestand in die hospitaal. Ons bid hom krag en sterkte in die HERE toe.
- Sr Ria Mulder (082 852 2558) Wyk 25 is nog in die hospitaal en behoort spoedig ontslaan te word sodra sy haar kragte herwin het. Mag die HERE haar verder versterk.
- Br Chris Landman (082 802 9313) Wyk 10 is ontslaan en sterk nou tuis aan. Baie sterkte met die herstelpad.
- Br Wikus Verreynne (082 814 9861) Wyk 6 is vir toetse en behandeling in die hospitaal opgeneem. Ons bid saam met hom dat die HERE die dokters wysheid en insig sal gee sodat hy die nodige behandeling mag ontvang.

**Gelukwensing:**

- Geluk aan oupa Petrus en ouma Molly Steyn (082 821 9138) Wyk 17 met die geboorte van hulle kleinseun, Coenie. Mag die jongeling vir julle as familie tot groot vreugde en seën wees.
- Baie geluk aan br DeWyk en sr Ansia Meyer (082 600 1464) met die doop van jbr Chrisjan en jsr Klara. Mag die HERE julle as verbondsgesin seën. Hartlik welkom en geluk aan die grootouers, familie en vriende wat vanoggend saam in die vreugde kom deel.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 10 Mei 2026**

| | |
|---|---|
| R 2026.00 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 895.00 | Oggend: Deure/ GKSA Sust. |
| R 120.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R 20.00 | Aand: Kerkkas |

**SnapScan: 10 Mei 2026**

| | |
|---|---|
| R 1193.10 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 487.84 | Oggend: Deure/ Thusofonds |
| R 67.63 | Aand: Barmhartigheid |
| R 120.76 | Aand: Kerkkas |

## ***Beroepenuus***

*Beroepe aanvaar*

- Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Witrivier

## ***Ons kuier by Papachinos.***

Liewe Forum Vriende, ons maak darem van elke samekoms ’n okkasie , nê? Ons groet ou vriende en verwelkom nuwe lede. Dit is mos sommer ’n heerlikheid!

Dié keer was ons by Papachinos in die Valley View kompleks. Dis ’n Juweel van ’n gesellige kuierplek, ’n heerlike ruim restaurant.

Ons het so ses mense per tafel gesit. Leenster stel voor dat elke tafel sy eie tafelgebed doen. By ons tafel het Oom Gert die seën gevra terwyl ons almal hande vat. Ons is ’n geloofsfamilie, voorwaar.

So ’n kuier verg baie organisatoriese vernuf. Daarmee is onse Leenster uit die boonste gestoeltes. Sy snuffel kuierplekke uit. Dán met haar oorredings-vermoë en sjarme, onderhandel sy keer op keer ’n goeie prys plus ’n pasellatjie. Verder kan Uber by haar gaan kers opsteek hoe om gaste plus hulle karretjies veilig en betyds by hulle bestemming te kry. Baie dankie, Leenster.

Ons dink aan van ons lede wat werklik siek is. Ria is steeds nie gesond nie. ’n Lang pad van herstel lê voor. Manie Erasmus is steeds kritiek ten tye van die skrywe. Salomé, die baas-organiseerder van ons Moria lede, kon nie vandag bywoon nie, sy is ook ongesteld. Salome, ons hoop jy kuier volgende keer saam, breiwerk en al. Ons hoop dat Vera al op die pad na herstel is, veral haar arm. Dit lyk of iemand haar ’n 'donkiebyt' soos in ons kinderdae gegee het. Die griep sluip ook rond soos ’n dief in die nag. Sterkte vir die lede wat platgetrek word deur die dief van gesondheid.


Die hoofdoel van die dag: die eet.
Die kos was heerlik, die diens, soms aangepor met ’n fluit, vriendelik en heel flink. (Wees tog bietjie toegeeflik teenoor die personeel. Die aanskoue van soveel honger gryskoppe kan taamlik vreesaanjaend wees, veral voor hulle hulle eerste pansella koffie gesluk het.) Die item wat die meeste bestel is, die vis en skyfies, was nie jou gewone vis en tjips nie. Die vis was die mees lip lekkerste 'visvinger'. ’n Ligte, brose degie met ’n geheime soutigheid gekomplimenteer met heerlike skyfies. Daar was ook halwe hoenders, ordentlike groot halwes genoeg om nog huis toe te neem. Die 'wrap' was

behoorlik volgestop. Komplimente aan Papachinos dat hulle spesiale aanbiedings nêrens tekort skiet nie. Ek moet noem dat Michel se biertjie, meer soos ’n oorvol nagmaalbeker gelyk het, soos een van my tafelmaats opgemerk het. (Suinig, die Michel, hy het nie die beker omgestuur nie.)

Papachinos is regtig nie suinig met hulle porsies nie. ’n Tafel langs ons s’n het suurlemoentert bestel. Goeiste genade, die een porsie was genoeg vir twee. Die skuimpie bo-op het meer soos die vlieënde Hollander se seile gelyk. Miskien kom kuier ons eendag net vir koek en tee/koffie, nê? Ons bedank Leenster (vergeet Boland Bank, sy sal vir hulle ore aansit). Leenster, baie baie dankie. Jy laat ons met prag herinneringe, keer op keer. Ons ruil nuus uit soos dat die Chinese winkel by Cradlestone winkelkompleks vervang gaan word deur ’n hoogs tegniese mediese sentrum.
Grappige geselsies vrolik die winterweer op. Die deel van lief en leed en meer, is al te aangenaam.

Ons groet, goed gevoed na liggaam en gees. Mede gryskoppe, nog buite die kring, kom kuier saam. Jy sal nooit spyt wees nie.
Groete, Martha Wynn

## *Gedagte vir die week*



Die Here is Koning, Hy beklee Hom met majesteit. Die Here beklee Hom, Hy omgord Hom met krag. Die wêreld staan vas, dit wankel nie, en vas staan u troon van ouds af:
U is van altyd af daar. Psalm 93:1 en 2

## *Dopper Shopper*

U het ’n geleentheid om advertensies in te stuur vir plasing in die Dopper Shopper wat op 31 Mei 2026 sal verskyn. Die sluitingsdatum vir plasing van advertensies is 27 Mei 2026. Stuur u advertensie in Word- of JPEG-formaat na skriba@gkkrugersdorp.co.za.
Lidmate kan gratis (A5-kwartblad) produkte, goedere, dienste, werkgeleenthede, vaardighede, ensovoorts in die Dopper Shopper adverteer. Die kostes vir ’n A5-halfblad is R100 en vir ’n A5-volblad R200.
Nie-lidmate en plaaslike besighede is ook welkom om advertensies in die Dopper Shopper te plaas. Pryse vir plasing is op aanvraag beskikbaar.

# *Dank God vir sy genade (2)*

- **1 Korintiërs 1:4**: "*Ek dank my God altyd oor julle vir die* ***genade*** *wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk het.*"

Die vorige keer het ons gesien Paulus dank God vir (1) sy **genade** aan die gemeente, (2) dat die **boodskap** van Christus stewig in hulle **gevestig** staan, en (3) dat die gemeente vol verwagting **uitsien** na die **wederkoms** van Christus. Vandag kyk ons die ander twee sake waarvoor Hy God dank.

**4. Die oordeelsdag**

*Vierdens* praat Paulus oor die ***dag*** *van ons Here Jesus Christus* (**vers 8**).

- Die *dag van die Here* is die laaste dag, die dag waarop Jesus terugkom aarde toe. Op dié dag maak God 'n ingryping in die geskiedenis soos ons dit nou ken. 'n Mens kan baie dinge oor dié *dag* sê. Maar Paulus gee in vers 8 'n *juridiese* kleur aan dié dag. Hy gebruik twee regsterme wat hy koppel aan die dag.

❑ Die *eerste* regsterm wat hy gebruik, is ***vrygespreek***. Die laaste dag is die *oordeelsdag*. Dan verskyn alle mense voor die regterstoel van God (Mat. 25:32). Dan oordeel Hy alle mense. Ook ek en jy sal daar wees.

❑ Wat meer is, sê Paulus – en dit is die *tweede* regsterm wat hy gebruik: Dit ***staan vas*** dat jy geen aanklag teen jou het nie. Dit staan *tot die einde* toe vas dat God jou gaan vryspreek. Niks en niemand kan hierdie heerlike feit dat God jou gaan vryspreek, verander nie – *nie die duiwel nie, *nie jou eie twyfel nie, *nie jou eie gevoelens nie.

❑ Maar die troos wat Paulus – ja, wat die Here Self – hier in sy Woord vir ons gee, is: Jy wat in Jesus Christus glo, gaan in daardie groot hofsaak nié veroordeel word nie. Daar is "**geen aanklag**" (vers 8) teen jou nie. Christus het die klagstaat met al die aanklagte teen jou saam met Hom aan die kruis vasgespyker. Luister hoe kragtig stel **Kolossense 2:14** dit: "Hy het die **skuldbewys** met sy aanklagte teen ons **uitgewis** en dit **blywend weggeneem**, toe Hy dit aan die kruis vasgespyker het." (2020) Jy is eens en vir altyd skotvry. Vir ewig vry. Jy het vir ewig 'n plek in die hemel en nie in die hel nie.

Vir hierdie heerlike, troosvolle en vasstaande belofte wat God aan ons maak, kan ons Hom nie genoeg dank en prys nie!

## 5. Verenig met Christus

Die *laaste* feit wat Paulus onderstreep waar Christus sentraal staan, lees ons in **vers 9**: *God het ons geroep om **verenig** te lewe met sy Seun Christus, Jesus, ons Here*.

- God wil hê ons moet deur 'n ware geloof in *gemeenskap* met Christus lewe. Ons moet één met Hom wees. In **Romeine 6:5 en 8** raak Paulus meer prakties oor die gevolge van ons gemeenskap met Christus: "*Aangesien ons met Hom een geword het in sy **dood**, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy **opstanding**... Ons het saam met Christus **gesterwe**; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal **lewe**.*"
- Omdat jy één is met Christus, het jy ook deel aan die resultaat van sy werk. Hy het die vernietigende gevolge van die sonde oorwin, daarom het die ewige dood nie langer 'n vat op jou nie. Hy het opgestaan uit die dood, daarom gaan jy ook opstaan uit die dood. Christus kom uit die hemel en woon in die hemel, daarom het jy saam met Christus 'n plek in die hemel. **Efesiërs 2:6**: "*Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee.*"

**Saamgevat**

Dank God

1. Vir die **genade** (versoeningswerk) van Jesus Christus
2. Dat die **boodskap** (evangelie) van Christus in jou **gevestig** is
3. Dat jy **uitsien** na die **verskyning** (die wederkoms) van Christus
4. Dat jy (nou reeds) **vrygespreek** is op die oordeelsdag op grond van die verdienste van Christus
5. Dat jy **verenig lewe** met Jesus Christus in sy dood en opstanding.

**Psalm 13:5** (ber.)

*"O HEER, ek sal U nooit laat gaan*
*My hoop bly op u goedheid staan*
*My hart sal oor u redding bly wees,*
*my lofgesang U toegewy wees,*
*want U het aan my welgedaan."*

– André Grové

***Bankbesonderhede***

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

***Ons Kandelaar Proeflesers***

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).



# *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**2026 Jaartema: Die Jaar van God se genade**
**Kwartaaltema: Hemelvaart en Pinkster**

**17 Mei**
Oggend: Dr De Wet -Opstandingstyd – God verlos ons van tyd en gee aan ons die ewigheid 1 Prediker 3 (T = Pred. 3:11).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Jeremia en Klaagliedere

**24 Mei (Voorbereiding)(Pinkster)**
Oggend: Dr De Wet – Pinkster - God gee lewe deur sy Woord en Gees! Esegiël 37:1-14 (Eseg. 37:12, 13).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Esegiël en Daniël

**31 Mei (Nagmaal en Nabetragting - Feesnaweek)**
Oggend: Dr De Wet - In God se teenwoordigheid lê daar vir ons ’n nuwe en blywende toekoms! Esegiël 42:1-43:12 (T = Eseg. 43:4-5, 7).
Oggend: Dr De Wet – Vervul met die Heilige Gees word ons gelei tot dankbaarheid! Levitikus 23:15-22 (T = Hand. 2:1).

**7 Junie**
Oggend: Prof Herrie van Rooy
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Hosea, Joël. Amos, Obadja

**14 Junie**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir ’n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga, Nahum, Habakuk

**21 Junie**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die uitstorting van die Heilige Gees – Die oorsprong en doel van Pinkster! Handelinge 2:1-13 (T = Hand. 2:1-4).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**
Oggend: Ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**
Oggend: Besoekende/Ander predikant

**12 Julie (Geen aanddiens)**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**19 Julie (Geen aanddiens)**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 JULIE)**


MOOTKAMP
12 - 18 Julie 2026
Fraaibos Kampterrein
Koste
Skoolverlaters: R1000 pp
Groepleiers: R1100 pp
Vir enige navrae:
SJ: 066 391 7446
Slegs vir Gr. 10 - 12
Skryf nou in
AS JY MOOT WEET SAL JY